Die publiek is ten volle daarvan bewus, maar dr. Diederichs het die swaarmoedigheid van die bevolking gestaaf deur 'n baie pessimistiese prent van die landsrekeninge voor te lê.

Die Inkomsterekening — die rekening wat lopende, in teenstelling met langtermynkapitaaluitgawe, en inkomste weerspieël — het die afgelope jaar inderdaad 'n tekort aangetoon van R130,7 miljoen, ondanks die addisionele belasting van R152 miljoen. Die geskatte tekort vir 1972/73 is R137,7 miljoen en indien die „inkomste” op dieselfde grondslag as verlede jaar beraam is, gaan die rekening 'n tekort van R242,9 miljoen aantoon. Die land se opgehoopte reserwes op Inkomsterekening van R72,5 miljoen, behalwe 'n klein bedrag van R2,7 miljoen, en 'n bedrag van R161,5 miljoen in die Stabilisasierekening is alles aangewend.

Die Minister van Vervoer het bykans sy "stootkussing" van reserwes opgebruik om die Spoorwegbegroting te finansier en die Poskantoor het ook 'n tekort getoon. Hierdie drie Ministers het nie tekorte verwag nie. Inderdaad het hulle almal vir surplusse voorsiening gemaak. Al drie het dus duidelik bewys gelever van die finansiële en ekonomiese wanbestuur deur die Regering. Is enige ander verduideliking moontlik wanneer pryse en koste styg, produktiwiteit afneem, belastinge hoog bly terwyl die Regering die pot se boom skraap om selfs noodsaaklike dienste te finansier en selfs dan nog sy taak nie kan uitvoer nie, soos bv. 'n afdoende telefoondiens verskaf?

In 1971 het die groeiakoers van die ekonomie met ruim 1% van 4,8% in 1970 tot selfs laer as 3,7% gedaal.

Dit beteken dat die bruto binnelandse produksie of „volksinkome” per kop van die bevolking gestyg het met minder as die helfte — 1% — in vergelyking met die jaar tevore toe dit toegeneem het met 2,1% — selfs toe 'n baie lae syfer in vergelyking met lande in Europa of Japan.

Verbruikerspryse het bykans twee keer meer as in die vorige jaar gestyg — met 7% vergeleke met 4,2%.

Die betalingsbalanse — ons "rekening" by die res van die wêreld — het 'n tekort van R1 005 miljoen getoon vergeleke met R834 miljoen in 1970. As gevolg hiervan was daar 'n skerp daling in ons goud- en buitelandse valutareserwes.

Dit was die ernstige vraagstukke waarvoor dr. Diederichs gestaan het toe hy op begrotingsdag sy toespraak moes hou. En wat het hy uit sy klein swart sakkie te voorskyn gehaal? 'n Paar toegewings hier en daar, terwyl hy met sy oë toe en sy duim vasgehou, gewens het dat 'n magtige wonderwerk plaasvind wat ontwikkeling sou verhaas en meer geld in sy lê koffers laat stort voordat die volgende begrotingsdag aanbreek. Dr. Diederichs en die Regering het niks gedoen om die werklike knelpunte in die ekonomie uit te stryk nie, soos verslapping van ideologiese beperkings op realistiese grondslag en verwydering van die gevoel van onsekereheid by sakelui. Al wat dr. Diederichs gedoen het, was om 'n haas onveranderlike inflasionistiese spiraal aan die gang te sit.

Skelm toegewings?

Een van ons sprekers het na dr. Diederichs se begroting as skelm toegewings verwys — toegewings met die een

hand en met die ander dieper in die sak van die belastingbetaler.

Eerstens die toegewings:

- (1) Die kredietplafon op banke is met ongeveer R140 miljoen verhoog.
- (2) Daar gaan 'n nuwe belastingvrye nasionale spaarsertifikaat wees met 'n maksimum besit van R15 000 teen 7,4% — maar dit is hoofsaaklik vir die rykes van belang.
- (3) Hulp aan uitvoerders word verleen met 'n bedrag van R9 miljoen.
- (4) Regulasies ten opsigte van huurkoop sal verslap word.
- (5) Boubeheer is verslap en dit het inderdaad reeds op sy eie gebeur.
- (6) Daar is addisionele voordele vir pensionarisse, die kroniese siekes, Pneumokoniose-pensionarisse en geestelike vertraagde kinders wat almal tot 'n klein mate 'n deel sal kry uit die ekstra totale uitgawe van R12 miljoen vir die staat.
- (7) Daar is 'n klein verbetering ten opsigte van die middeletoets.
- (8) 'n Bydrae van R1,3 miljoen tot die Mediese Hulpvereniging vir Staatsamptenare.
- (9) Verkoopsbelasting bly, maar is in sommige gevalle verminder.

Hierdie konsessies is welkom, maar kan enigeen sien dat daardeur in werklikheid die vernaamste vraagstuk van bevordering van die ekonomiese groei na wense aangepak word?

Wat ingepalm word

Die leningsheffing van 10% op maatskappye is afgeskaf, maar dit is vervang deur 'n nie-terugbetaalbare toeslag op maatskappybelasting. Aan belasting gaan dit die maatskappye R14 miljoen per jaar kos.

Die Spaarbelasting op individue is ook afgeskaf, maar vervang deur 'n toeslag van 10% op individuele inkomstebelasting wat nie, soos die leningsheffing, terugbetaalbaar aan die belastingbetaler is nie. Dit gaan die belastingbetaler 'n ekstra R46,5 miljoen aan belasting kos.

Dr. Diederichs skiet mis

Indien, soos dr. Diederichs self gesê het, die begroting vir 1972/73 daarop bereken was om „rigting en aansporing te gee in die nasionale veldtog vir 'n meer welvarende Suid-Afrika” dan was die skoot ver van die kol.

Hy het al sy reserwes gewaag op die kans dat Suid-Afrika om een of ander rede aanstaande jaar meer welvarend sal wees. Hy self het geen benul van wat Suid-Afrika se groei vanjaar sal wees nie.

Hy was onrealisties ten opsigte van sy toegewings.

Hy het belasting verhoog in plaas van verminder.

Hy het rentekoerse vasgestel wat die vloei van geld in die mees winsgewende rigtings sal belemmer.

Hy sit hulpeloos voor 'n onvoorspelbare inflasiekoers vanjaar.

Deskundiges stem saam dat die vrugte van die begroting sal wees

- * 'n versuim om 'n enkele ekonomiese vraagstuk op te los;
- * onvoldoende groei en uitbreiding van die ekonomie;
- * 'n hoë inflasiekoers, en
- * meer laste op die volk.

THE
ROYAL

bids you welcome

*

FULLY AIR CONDITIONED AND
EXCELLENT APPOINTMENTS THROUGHOUT
SPLENDID
PENTHOUSES AND SUITES

*

The superbly appointed "Board Room"
is of special interest to
company directors and executives
for business purposes or for
private entertaining.

*

TEL 65531. TELEX 6-7454 TELEGRAMS 'ROYAL'
DURBAN

HYNCH'S ALGOA HOTEL

Where sportsmen meet
in
PORT ELIZABETH

P.O. Box 373 • TEL. ADD.: "HOTELGOA" • TEL. 2-6788
WESTERN ROAD • PORT ELIZABETH

G. K. N. Walter & Deane

(PTY.) LTD.

MANUFACTURERS OF "WALDEN" HIGH
QUALITY STEEL OFFICE EQUIPMENT
AND SYSTEMS

Suppliers to the Trade Only

P.O. BOX 82, PINETOWN

VLEISPRODUKTE

P.O. BOX
2934
DURBAN



POSBUS
2934
DURBAN

MEAT PRODUCTS

J. W. BLAIR (PTY.) LTD.

FOR

FANAL SWITCHGEAR

Tel. 52-7581/2 • Knights, Tvl. • P.O. Box 13047

DUFF MURRAY & CO. (Pty.) Ltd.

Est. 1909 Gev.

Parthenon-Minerva Industrial Finishes
"POP" Rivets

Binks-Bullows Spray Painting Equipment

BOSWELL STREET P.O. BOX 65 BOSWELLSTRAAT
TEL.: 4-2131 PORT ELIZABETH TEL.: 4-2131
Tele.: "LUBRICATE" Tele.: "LUBRICATE"

Clydebank Engineering Supply Co

(Pty.) Ltd.

IRON AND STEEL MERCHANTS

12 ROGERS STREET (off Booysens Road)

SELBY

JOHANNESBURG

Telephone 838-4061

P.O. Box 54, Springfield, Tvl.

Klagtes en Pluimpies ...

Genl. Smuts verkwalik vir Nat sondes

Dit was grotendeels te danke aan wyle genl. Smuts dat Suid-Afrika welbekendheid verwerf het en daar vir ons op een stadium 'n geeërde plek in die ry van volke van die wêreld verseker was. Dit was tydens die Tweede Wêreldoorlog.

Sekere dokumente van die Britse kabinet uit die dae van daardie oorlog toe baie Nattes daarvan oortuig was dat die toekoms van Suid-Afrika van 'n Nazi-oorwinning afgehang het, is onlangs openbaar gemaak. In een daarvan word die Indiërvraagstuk in daardie dae behandel, veral sover dit Natal betref en die stappe wat deur genl. Smuts en sy Regering gedoen is.

Glo dit as u wil: bykans 22 jaar na sy dood en 24 jaar nadat die Nattes aan bewind is, gryp 'n Nat koerant die publikasie van 'n oorlogstydsedokument aan om genl. Smuts te blameer vir die huidige sondes van die Nat Party, vir die anti-Suid-Afrikaanse gevoel in 'n groot aantal oorsese lande waarin Suid-Afrika eens so hoog aangeskrewe gestaan het.

Nat wysheid

Met verwysing na die dokumente van die Britse kabinet het die Nat koerant "Rapport" van 1 Januarie 1972 geskryf:

"Daar word dikwels vergeet dat 'n groot deel van die buitelandse kwaad teen Suid-Afrika sy oorsprong het in die optrede van die Smuts-regering teen die Indiërs in die oorlogsjare. Diegene wat altyd op apartheid die skuld vir oorsese antipatie wil pak, vergeet alte maklik dat Smuts se pogings om die Natalse Indiërs in te hok, die hal eintlik aan die rol gesit het."

Dit is so dat genl. Smuts en sy Regering verplig was om in 'n suiwer huishoudelike saak op te tree — selfs op 'n tydskip toe Suid-Afrika met ernstige oorlogsvraagstukke te doen gehad het.

Hierdie optrede is op genl. Smuts afgedwing deur die verslegting in 'n toestand wat onaangepak deur 'n vorige Nat regering gelaat is en die gemors wat te wyte was aan daardie Nat regering se getalm, uitstellersy, gebrek aan optrede en inderdaad onwilligheid om betyds op te tree.

Wat is die feite? Die Asiatiese vraagstuk en die indringing deur Indiërs het so ernstig geword — selfs bedreig met die "verlies van die Provinsie Natal . . . vir die blanke ras", soos dr. Malan dit beskryf het — dat genl. Smuts so vroeg as 1923 al by die Parlement 'n wetsontwerp op klas-segebiede ingedien het. Omdat hy in 1924 die verkiesing verloor het, kon hy nie met daardie wetsontwerp voortgaan nie. In 1925 het dr. Malan, toe Minister van Binnelandse Sake in die Nat Regering, 'n soortgelyke wetsontwerp as die van 1923 ingedien. Indië het daarop voorgestel dat 'n konferensie gehou word wat uitgeloop het op die Kaapstadse Ooreenkoms (die Gentlemen's Agreement soos dit bekend geword het) van 1927 om voorsiening te maak vir die vrywillige repatriasie van Indiërs en die opheffing van daardie Indiërs wat Suid-Afrika nie wou verlaat nie.

Meer regte is aan Indiërs gegee. Dr. Malan het selfs geweier om wetgewing in te dien en het op 16 Maart 1927 in die Volksraad verklaar:

"Ek dink dit is nie heeltalig regverdig om nou van ons te verwag om wetgewing in te dien om die gevestigde regte van Indiërs weg te neem en hulle eenvoudig uit die land te sit nie."

Vanweë 'n geleidelike en stelselmatige indringing deur Asië van veral die blanke gebiede in Durban, is die Smuts-regering verplig om die Wetsontwerp tot Beperking van Handel en Okkupasie van Grond (Transvaal en Natal) van 1943 (die Vaspenwetsontwerp) in te dien ten einde 'n verbod te plaas op die verkryging van grond deur Indiërs van blankes en deur blankes van Indiërs. Hierdie wetsontwerp het daarvoor voorsiening gemaak dat daar drie jaar lank 'n stilstand sou wees sodat die owerheid die wyer aspekte van die vraagstuk kon ondersoek.

Skielik besorgd

Wyle dr. Malan, destyds leier van die Opposisie, het verklaar dat hy en sy hele Party die wetgewing "heelhartig" steun. Hy het bygevoeg: "Ons erken dat die toestand veral in Natal, so ernstig geword het en sulke afmet-

blanke ras verlore" (Hansard 14.4.43, kol. 5487). Toe was hy skielik besorgd.

Hy het selfs sover gegaan, as om voor te stel dat tydens die volgende Sitting van die Parlement 'n meer omvattende wetsontwerp ingedien word wat voorsiening sou maak vir "doeltreffende woonbuurtsegregasie."

Mnr. B. J. Schoeman, dieselfde mnr. Schoeman wat tans in die Nat kabinet sit, het, nadat hy daarvan beskuldig is dat hy 'n beroep op rassevoordeel doen, verklaar: ". . . of dit kleurvoordeel is of nie, ons moet feite in die oë sien: Daar is rassevoordeel in Suid-Afrika . . . Om eenvoudig ons oë toe te sluit en te sê dat dit is rassevoordeel en dat ons dus nie moet stappe doen om die blanke afgesonder te hou van die nie-blankes nie, dit beteken net dat ons die werklike rassegevaar oor die hoof sien". (Hansard 14.4.1943, kol. 5512).

Die Vaspenwet van 1943 is gevolg deur die Wetsontwerp op Grondbesit deur Asië en Verteenwoordiging van Indiërs van 1946 om voorsiening te maak vir afsonderlike woongebiede, beperking van grondbesit en 'n afsonderlike stemreg vir Indiërs op 'n aparte kieserslys — 'n wetsontwerp om voorsiening te maak vir maatskaplike vrede, ordelikheid en geregtigheid teenoor almal. Dieselfde Nattes wat die wetsontwerp van 1943 gesteun het, het gekla dat die wetsontwerp van 1946 haastig deur die Parlement gejaag word en het voorgestel dat dit eerder na 'n gekose komitee verwys moes word om "oorweging te gee aan en verslag te doen oor 'n oplossing van die hele kleurvraagstuk" en die Vaspenwet vir 'n verdere tydperk verleng word. Weereens 'n uitstellersy aan die kant van die Nattes.

Toe 'n Nat Regering die geleentheid gehad het om 'n vraagstuk op te los, is optrede uitgestel. Toe genl. Smuts in dieselfde vraagstuk opgetree het om te verseker dat die "provinsie Natal nie vir die blanke ras verlore gaan nie", word die blaam vir die huidige internasionale gevoel teen Suid-Afrika voor sy drumpel gelê. Nee, die oorsprong van die gevoel teen Suid-Afrika is inderdaad te vind in die rassebeleid wat deur die Regering gevolg word.

ings aangeneem het . . . dat ons met sekerheid kan sê dat as daar die maatreëls geneem word . . . dan is die Provinsie Natal . . . vir die

J. C. Bitcon & Co Ltd

BOU KONTRAKTEURS
BUILDING CONTRACTORS

P.O. Box 38020 Posbus Booyens, Transvaal
Telephone 830-2515/830-2565/6 Telefoon

40/42 HARRY STREET/STRAAT
ROBERTSHAM JOHANNESBURG



GREEN'S PHARMACY

(Monty Sklaar, M.P.S.)

94, Central Avenue

Mayfair

Johannesburg

Tel. 35-2447, 35-2935

P.O. Box 5555, Jhb.

Your friendly chemist
for all your requirements

Supreme Produce Supply

(Pty.) Ltd.

TELEPHONE 65541 TELEEX 6-7454
TELEGRAMS 'ROYAL'

MILLERS, MALT MANUFACTURERS & GENERAL
PRODUCE MERCHANTS

TELEGRAMS/TELEGRAMME: "CLUCAS"
TELEX J7876



Tel. 52-4361/2/3/4. P.O. Box 1, Dunswart. Teleg.: **Jacksfence**

Jack's Fencing & Engineering Works

Incorporating M. CHADWICK & CO. (PTY.) LTD.

Manufacturers of:

INDUSTRIAL and DOMESTIC FENCING, STRUCTURAL STEEL
WORKS, WR. IRON, TUBULAR and FARM GATES, TANK
STANDS, CATTLE GRIDS and COW DIVISIONS, WIRE WORK
OF ANY DESCRIPTION, GARDEN FURNITURE

Suppliers of:

BARBED WIRE, GALVANISED WIRE, NETTING WIRE AND
ALL FENCING REQUIREMENTS

Van Dyk Road, Industrial Sites, Boksburg East

Telephone 25-7971
Tel. Address: "Mesgear"

P.O. Box 115,
CLEVELAND

Alrite Engineering Supplies Ltd

ELECTRICAL & MECHANICAL ENGINEERS

Manufacturers and Suppliers of Electrical Switch
Gear, Mining Materials, Mirage Lawn Mowers and
Low Pressure Gas Heaters

WRIGGLE ROAD, HERIOTDALE, JOHANNESBURG



THE BALCO CO. (PTY) LTD

(Subsidiary of British Agencies (Pty.) Ltd.)

ELECTRICAL AND MECHANICAL ENGINEERS
SOUTH AFRICAN OWNED AND CONTROLLED

BRANCHES AT:

12 VISAGIE STREET, PRETORIA

— 107 KEMPSTON ROAD, PORT ELIZABETH —

— 47 STANGER STREET, DURBAN —

— 33 BUITENGRACHT STREET, CAPE TOWN —

123 HULBERT ROAD, NEW CENTRE, JOHANNESBURG
TELEPHONE: 834-8251 P.O. BOX 3797
Telegrams: "ARMS MOTORTOWN"

Established 1914

R. Herd (Pty.) Ltd.

BUILDERS AND GENERAL CONTRACTORS

Corner First Street and Second Avenue

Geduld Township

SPRINGS

P.O. Box 1

Telephone 56-0585

Kommissie- regering—

Belasting- betaler moet opdok

Die Nat Regering van Kommissies en Komitees — kommissies en komitees wat aliewig aangestel word omdat die grootste Kabinet in die geskiedenis van Suid-Afrika blykbaar nie by magte is om oplossings vir 'n reeks probleme te bied nie — kos die belastingbetaler 'n hele boel geld — in 1970-71 was dit bykans 'n kwartmiljoen Rand.

Volgens die verslag van die Kontroleur en Ouditeur-generaal vir die diensjaar 1970-71 was dit identifiseerbare uitgawes ten opsigte van 26 kommissies en 61 departementele komitees, waarvan sommige in 1963 aangestel is en nog aan die gang is, in daardie jaar:

26 Kommissies	R168 738
61 Komitees	R 78 113
Totaal	R246 851

'n Betreklik klein aantal van die kommissies en komitees het hul taak in 1970-71 afgehandel. Tot aan die end van die diensjaar 1970-71 het hulle die belastingbetaler gekos:

Kommissies	R642 106
Komitees	R187 448
Totaal	R829 554

Die Kommissie op aangeleenthede betreffende die veiligheid van die staat het R31 515 gekos, die op die "beweerde Landbanklening aan mnr. A. T. Kolver of aan 'n maatskappy waarby hy belang het" R1 299.

Agliotti-geval

Die ondersoek na die Agliotti-geval — die geval van die meneer wat R1,5 miljoen vir sy grond naby Kempton Park wou hê, R7,5 miljoen gekry het van die staat en toe R5 miljoen teruggee het terwyl die ondersoek aan die gang was — het die belastingbetalers R14 789 uit die sak gejaag;

Die Kommissie op die fiskale en monetêre beleid in Suid-Afrika (in 1967 aangestel en blykbaar nog steeds aan die gang) tot die einde van 1970-71 R105 805;

Die Kommissie op landbou (in 1966 aangestel) R28 410;

Die Kommissie op Scientologie R40 279;

Die Kommissie op vergoeding vir professionele dienste in die boubedryf (in 1967 aangestel en blykbaar nog aan die gang) R36 742;

Die nege jaar oue Kommissie op die Maatskappywet (in 1963 aangestel) R96 403;

Kommissie op die visnywerheid R37 599;

Kommissie op die suikerbedryf R24 565;

Kommissie in verband met die opleiding van landmeters R27 388;

Kommissie insake die universiteitswese R48 101;

Kommissie insake wateraangeleenthede R89 753.

Departementele komitees

Departementele komitees het ondersoek ingestel en stel nog ondersoek in na 'n verskeidenheid van geleenthede wat die "Kabinet van talent" blykbaar nie kon oplos nie. Aan die end van 1970-71 was die totale uitgawe in verband met komitees van ondersoek ten opsigte van die volgende:

Padveiligheidsraad R7 211;

Finansiering van nie-blanke universiteite R4 753;

Staatsbeleggingsmedia R1 092;

Die Oranjerivierprojek R362;

"Aangeleenthede rakende verpleegpersoneel" R3 808;


Psigopatie R2 312.

Toe dit op kuns aangekom het — skone kuns — was sekere lede van die "Kabinet van talent" blykbaar diep bewus van hul onbevoegdheid. Wat vind mens in die verslag van die Ouditeur-generaal? Aan die end van 1970-71 was daar (hulle mag nog aan die gang wees vir al wat mens weet):

10 komitees van ondersoek na "die aanstelling van geskikte kunstenaars" en een in verband met beoordelaars van beeldhouwerk.

Die aanstelling van geskikte kunstenaars was in verband met verskeie openbare werke. Tot aan die end van 1970-71 het hierdie elf komitees die staat — d.i. u en my — R4 583 gekos.

In 1962 is 'n komitee aangestel om ondersoek in te stel na Kleurling- en Bantoe-arbeid in Wes-Kaapland. Aan die end van 1970-71 het hy nog gesit; koste R35 645.



Shorten, Cuthbert & Moyle

(Pty.) Ltd.

BUILDERS AND CONTRACTORS

Phone 56-5737/8 P.O. Box 380, Springs
**86 Butler Road, Nuffield
 SPRINGS**



VICTORIA ENGINEERING WORKS

LIMITED

Directors: J. B. Whitburn, F. J. George, P. A. Frederiksen

GENERAL ENGINEERS

Specialists in the Manufacture
 of Rock Drill Spares

VICTORIA AVENUE, BRAKPAN

Phone 55-1010 P.O. Box 32



MERINO

STUD No. 187

PRIVATE BAG, MIDDELBURG

CAPE

GODRICH FLOUR MILLS

(Pty.) Ltd.

Tel. 321 & 322 P.O. Box/Posbus 25

Tel Add.: "GODRICH"

BRONKHORSTSPRUIT, TVL.

Associated Companies:

Van der Walt se Meule (Edms.) Bpk.,

P.O. Box/Posbus 62, Leslie

Scholsberg's Mills Ltd.,

P.O. Box/Posbus 25, Bronkhorstspuit

FAIRLIGHT-FLOUR, DRUM MEALIE-MEAL,

KAFFIR CORN MALT

GENERAL DEALERS IN ALL GRAINS & FEEDS

AGENTS FOR TOYOTA CARS & TRUCKS

(Goodrich Motors (Pty.) Ltd.)

Tel. 201/2

JOB TAIT'S CONSTRUCTION CO.

(PTY.) LTD., and

JOB TAIT'S TRANSPORT (Pty) Ltd

**Demolishers, Road Construction, Trenches,
 Excavations and General Transport**

SUPPLIERS OF SAND AND STONE

7 Durr Street, Potchefstroom

Telephone 5384/5

P.O. Box 332

NAT SPORTBELEID: deur Broederbond geformuleer

Verdere onweerlegbare bewys is beskikbaar dat die geheime, eksklusiewe Broederbond Nat beleid voor-skrif en hom nog met die politiek inmeng.

'n Skokkende Broederbondstuk wat bewys dat die Regering se nuwe "sportbeleid" voorgeskryf is deur daardie geheime, sogenaamde kultuurorganisasie, is onlangs in die Volksraad deur mnr. Etienne Malan in die Volksraad onthul. Hierdie dokument wat uit vyf bladsye bestaan, is 'n instruksie wat deur die Uitvoerende Raad van die Broederbond uitgestuur is voordat die Eerste Minister verlede jaar sy "sportbeleid" aangekondig het. Daar is oortuigende bewys dat die stuk die grondslag gevorm het van die sogenaamde nuwe sportbeleid van die Regering.

Dit is betekenisvol dat die "beleid" nie verlede jaar aangekondig is nie deur mnr. Frank Waring, die Minister van Sport, wat nie lid van die Broederbond is nie en blykbaar ook nie een kan word nie, maar deur mnr. Vorster wat lid van die Broederbond is. Mnr. Waring het inderdaad in die Volksraad teenoor mnr. Malan erken dat hy die dokument nooit ontvang het nie. Die Broederbond het hom verby gegaan en die stuk voorgelê aan "vriende in verantwoordelike kringe".

Daar is ook afdoende bewys dat die dokument heeltemal eg is.

Fundamentele formulerings

Hierdie geheime stuk van 'n geheime vereniging het as opskrif "Sportbeleid — gesirkuleer April 1971". Dit kom van die U.R. (Uitvoerende Raad) van die Broederbond. In die inleiding word verklaar:

„Die U.R. (Uitvoerende Raad) het in die afgelope maande heelwat aandag geskenk aan sportbeleid, veral wat betref verhoudings tussen blank en nie-blank. Memoranda van afdelings en van vriende in sportbesture is ontvang en bestudeer.

„'n Vrugbare tweedaagse samespreking tussen 'n groot aantal vriende uit verskillende sportbeheerliggame van oor die hele land is onlangs gehou en 'n komitee uit hulle miade het 'n aantal fundamentele formulerings vir oorweeging aan die U.R. voorgelê.

„Hierdie beleidsformulerings is deur die U.K. oorweeg en aan vriende in verantwoordelike kringe voorgelê en dit word verwag dat die formulerings in die volgende dae en weke neerslag sal vind in amptelike regeringsverklarings.

In die dokument word vervolgens in besonderhede die verandering in beleid gegee wat deur mnr. Vorster aan die end van April verlede jaar aangekondig is. Die veranderings wat deur mnr. Vorster bekend gemaak is, was bykans woord vir woord 'n weerspieëling van die Broederbond-opdragte — 'n "neerslag in amptelike regeringsverklarings" waarna die Uitvoerende Raad van die Broederbond verwys het.

Ander Instruksies

Die stuk bevat ook ander verbasende instruksies wat tot dusver nie deur die Regering aangekondig is nie. Die instruksies sluit die volgende in:

- * Dat 'n sportraad ingestel word, benoem deur en verantwoordelik aan die Regering, om alle sport in Suid-Afrika te koördineer;
- * Dat die sportraad die Olimpiese Raad en die Federasie vir Jeug en Sport vervang;
- * Dat die sportraad as adviesraad vir die Minister van Sport optree;
- * Dat die sportraad hulp en advies aan die verskillende volkere verleen in verband met die ontwikkeling van 'n eie sportpatroon;
- * Dat vir die uitvoering van die nuwe beleid voor 1980 'n prestige internasionale stadion (sportkompleks) en huisvesting vir intervolkerebyeenkomste gebou word in 'n blanke gebied "waar wrywing tussen volkere sover moontlik by samedrommings uitgeskakel kan word."

Met verwysing na hierdie betekenisvolle stuk het mnr. Malan later verklaar: "Dit is interessant om daarop te let dat daar 'vriende' of Broederbondlede op sportbeheerliggame is wat Broederbondbase ontmoet het om fundamentele formulerings van beleid voor to skryf. Weet die beheerliggame daarvan?"

"Mens wonder of die Broederbond homself nog 'n kultuurorganisasie kan noem nadat wat in wese 'n politieke beslissing is, neergelê is.

"Etlike jare gelede" aldus mnr. Malan, "het mnr. Vorster my in die Volksraad uitgedaag om te bewys waar die Broederbond ooit in die politiek ingegryp het. Nou het hy die antwoord."

Versnipperde stof lei tot groot verlies

Duisende Rand het vir die Staat verlore gegaan op kontrakte wat aangegaan is vir die sny, maak en afwerk van broeke, baadjies en onderhemde vir die Departement van Verdediging.

In Desember 1966 het die kontrakteur wat die werk moes uitvoer, in likwidasie gegaan. Die likwidateur het daarop aangedui dat hy nie van plan was om die kontrakte te voltooi nie. Nuwe tenders is toe gevra wat 'n addisionele uitgawe van R16 942,71 tot gevolg gehad het, deel die Kontroleur en Ouditeur-generaal in sy verslag oor die diensjaar 1970-71 mee.

Van die uitgereikte materiaal wat hy likwidasie nog in besit van die kontrakteur was, is 1 707 jaarts ter waarde van R5 657,79 so opgesny dat dit onbruikbaar was, terwyl 2 027 jaarts ter waarde van R6 614,04 verlore gegaan het. 'n Bedrag van R1 095,22 as finale betaling teen die totale eis van R29 214,54 is met Tesourie-goedkeuring aanvaar wat die netto verlies op R28 119,32 te staan gebring het.

'n Mite blootgelê terwyl die jaar 1978 nader

Harde, onweerlegbare feite bewys van tyd tot tyd watter mate die Nat Regering se apartheidsbeleid — deesdae word dit eufemisties afsonderlike ontwikkeling genoem — net 'n hersenskim bly.

Ons is vinnig besig om die mistieke jaar 1978 te nader wat, na die Nat leiers aan ons vertel het, die keerpunt sou beteken in die swart stroom na die wit gebiede, na die witman se ekonomie. Die swart vloed sou dan omgekeer word, terug na die Bantoetuislande.

Aangesien 'n ommekeer in 'n stroom nooit oombliklik is nie, maar altyd geleidelik plaasvind, sou mens verwag het om in hierdie stadium, ses jaar voor die Nattes se D-dag, 'n merkbare afname in die stroom van Bantoes na die wit gebiede waar te neem. Ondanks die Regering se apartheidsbeleid, sy daadwerklike aanmoediging van grensnywerhede, werkreservering, instroombeheer en die

toepassing van die Wet op Fisiese Beplanning stroom Bantoes nog na die nywerheid, na die ekonomie in wit streke, met die gevolg dat sowel nywerheids- as plattelandse gebiede al hoe swarter word.

Bewys van mislukking

Nuwe bewys van die mislukking van die Regering se apartheidsbeleid is onlangs deur die Minister van Arbeid, mnr. Marais Viljoen, gebring. In antwoord op 'n vraag wat deur mnr. Eric Winchester, die V.P. se lid vir Port Natal, in die Volksraad gestel is, het die Minister 'n stel interessante syfers verskaf in verband met die boubedryf in slegs daardie gebiede waarin nywerheidsraadooreenkomste van krag is. Die statistiek het aan die lig gebring dat:

Bantoewerkers 20 keer meer as wit werkers na die boubedryf stroom;

Die getal Bantoewerkers tussen 1967 en 1971 met meer as 49% toegeneem het;

Die getal blanke werkers in dieselfde tydperk met ongeveer 10% gestyg het.

Die Minister het aan die lig gebring dat daar in 1967 82 784 Bantoewerkers in die boubedryf was. In 1971 het die getal gestaan op 123 810 — 41 026 meer.

In 1967 was daar 21 215 blanke werkers. Verlede jaar het die getal gestaan op 23 026 — slegs 2 317 meer.

Vyf jaar gelede was daar 30 899 Kleurlinge in die boubedryf. Verlede jaar was daar 37 384.

In dieselfde tydperk het die getal Indiërs van 7 967 tot 10 096 toegeneem.

Hierdie harde feite ten opsigte van die boubedryf — in ander bedrywe en nywerhede is die posisie waarskynlik dieselfde — bewys dat die Regering homself en die blanke kieserskorps probeer wysmaak dat die mite van apartheid, oftewel afsonderlike ontwikkeling, wel slaag.

CASTLE TRANSPORT

(Specialist for 30 years)

*

**Specializing in Packing for shipment,
Countrywide and Local Removals
Storage and Daily Commercial
Deliveries**

*

P.O. Box 446 • Telephones 68500, 68516/7
Heinz Road • Athlone Industrial • Cape Town

**The Timeless
RED**



**Institution
CROSS**

This advertisement is sponsored by:

G. K. Rankin & Co. (Pty.) Ltd.

WHITE RIVER — Eastern Transvaal

A. STUART LIMITED

**STRUCTURAL & CIVIL ENGINEERING
CONTRACTORS**

Registered Office and Works:-
Telephone 51-8511 P.O. Box 32

Harries Street,
Industrial Sites, South Extension,
GERMISTON, Transvaal.
Railway Siding 1673.

Redakteur: C. A. P. Viljoen.

Raadgewende Redakteur: Marais Steyn, L.V.

Alle artikels in hierdie uitgawe deur C. A. P. Viljoen, Republic-gebou, Noordstraat 84, Johannesburg. Uitgegee deur die eienaar en uitgewer die Verenigde Party, Noordstraat 84, Johannesburg, n gedruk deur Pacific Press (Edms.) Bpk., Foxstraat 302, Johannesburg.

Collection Number: A1132

Collection Name: Patrick LEWIS Papers, 1949-1987

PUBLISHER:

Publisher: Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa

Location: Johannesburg

©2016

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of a collection, held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.